

13 Junie

Efesiërs 3:14-21, (Teks: 3:20)

God doen oneindig meer as wat ons bid of dink

Paulus stort sy hart in gebed uit vir die kerke in Efese en omgewing terwyl hyself in die gevangenis is. Sy bede is dat die kerke uit die rykdom van God se heerlijkheid innerlik sterk sal word onder leiding van die Heilige Gees. Dit beteken dat Christus in hulle hart sal woon en dat hulle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Sy bede is dat die kerk van Christus in staat sal wees om werklik sy liefde te ken.

Die toon van sy gebed is dié versugting, so asof hy daarmee bedoel dat God Drie-enig so heerlik en vol liefde is, dat geen mens dit ten volle met sy verstand sal kan omvat. Die lofprysing bring die gedagte sterker na vore as hy praat oor die krag waarmee die Here in ons werk. Die krag is so geweldig dat ons nooit tipies menslik (klein) daarvoor mag dink nie. Die rede daarvoor is dat Hy oneindig meer doen as wat ons bid of dink.

Waaroor bid en dink ons? Is dit nie maar meesal oor ons klein wêreldjies met sy eie groot probleme nie? As ons dink oor die oplossings van ons vele probleme, dink ons nie klein, so klein dat dit net vir onself en in ons eie wêreldjies pas nie? Bid ons nie ook maar meesal vir die klein, ingebeelde en selfuitgedinkte oplossings nie? God Drie-enig kan en mag op geen manier deur sy kinders ingedruk word in selfgesentreerde probleemoplossings nie, **WANT HY DOEN ONEINDIG MEER AS WAT ONS BID OF DINK...** Moet nooit klein van God dink nie, nie vandag nie...nooit weer nie!

Sing: Psalm 105:1-3

Ds. R.M. van der Merwe (Louis Trichardt)